

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
28 April 1974

Onderwerp: Dwase en wyses in die kerk

Lees: Matthéüs 25 verse 1 tot 13

Teks: Matthéüs 25 verse 1 en 13

Sing: Psalm 33 vers 1
Gesang 4 vers 7
Gesang 156 vers 5

“Jesus Christus het na hierdie wêreld gekom om God se koninkryk op aarde en die mens se gevalle en rebellerende verhouding met God te herstel. Daarvoor het Hy sy lewe vrywillig afgelê met sy dood aan die kruis. Daarom was Jesus Christus se wekroep: ‘Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’ (Matt 6:33)

“Jesus is self die verteenwoordiger en beliggaming van hierdie koninkryk. As jy deel wil wees van die koninkryk van God, is die voorwaarde dat jy in die regte verhouding met Jesus Christus moet wees.

“Aan die einde van Jesus Christus se aardse bediening het Hy drie gelykenisse gebruik om die koms van sy koninkryk aan mense duidelik te maak. Al drie kom daarop neer dat Hy vir ’n tyd afwesig sal wees. Al drie wil sy volgelinge leer hoe om hulle te gedra in afwagting op sy wederkoms: Hulle moet met mekaar gemeenskap beoefen in die geloof. Hulle moet woeker met hulle talente wat Hy aan hulle gegee het. Hulle moet sorg dra dat hulle persoonlike verhouding met hulle Saligmaker reg is. Hulle moet, soos in die gelykenis van die tien maagde, elke dag gereed wees vir Jesus Christus se koms.

“Dit gaan dus hier oor die regte verhouding met Jesus. Dit sal bepaal of ons nou en met die wederkoms binne of buite die koninkryk van God gereken sal word.

“Jesus sê dat die kerk op hierdie stadium nog ’n gemengde bevolking bevat. Daar is wyse en dwase maagde. Dit kom hierop neer dat daar dwase en wyses, onverstandiges en verstandiges binne die kerk kan wees. Dit beteken dat jy in die kerk naby aan Jesus Christus kan kom en tog vêr van Hom af kan wees. Dit is ’n waarheid wat Hy so dikwels onderstreep het.

“’n Voorbeeld is Jesus Christus se gelykenis van die onkruid en die koring op die land, wat albei besig is om op dieselfde land ryp te word. (Matt 13:24-30) So ook die gelykenis van die visnet met goeie en slegte visse, wat wag op die sifting deur die engele. (Matt 13:47-50) Daar was geen ernstiger waarskuwing van Jesus Christus se lippe nie as: ‘Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!’ (Matt 7:21-23) Hiermee wil Jesus Christus ons tot die besef bring dat daar binne die kerk wyse en dwase mense mag wees.

“Mense kan op baie dinge roem: besittings, rykdom, geleerdheid, ja selfs in allerlei vorme van godsdiens; en tóg deur die Skrif as dwaas bestempel word. Dit is ’n verbysterende waarheid wat Jesus in hierdie gelykenis aan ons tuis bring.

“Daar is uiterlik geen onderskeid tussen die wyse en dwase maagde nie. Almal is eenders gekleed. Almal het fakkels. Almal is op pad. Almal wag die komende Bruidegom in. Dit wil sê mense binne die kerk het op die oog af dieselfde belydenis, verwagting en godsdiens. Uiterlik is daar geen verskil nie. En tog is daar van hulle wat dwaas is.

“Broers en Susters, hoe naby kan ’n mens aan die Hemelpoort kom en steeds uitgesluit wees? Jy kan gedoop wees, ’n lidmaat, lid van die kerkraad en selfs ’n predikant wees en tog in so ’n innerlike vervreemding tot God staan dat jy ’n dwaas is.

“Broers en Susters, waarom noem die Bybel hulle ‘dwaas’? Omdat hulle fakkels dood was toe dit moes brand. Hulle was só doening en hulle oë só verstar op die uiterlike dinge, dat hulle nooit besef het dat die olie in hul eie lamp ontbreek nie. Jesus Christus was in hulle lewe nie die regulerende faktor nie.

“Hulle stem in en loop saam, maar die Christendom raak nie hulle hart en lewe nie. Hulle is gedoop, gebruik nagmaal en het ’n goddelike vertoon, maar is volgens Jesus Christus dooie fakkels.

“Wat hierdie tipering van Jesus soveel ernstiger maak, is dat Jesus nie hier na die wêreld, óf die goddelose, óf die afvallige huigelaar wys nie, maar na

kerkmense. Hy verwys na kerkmense wat nie in die regte verhouding met Hom staan nie.

“Broers en Susters, is dit nie presies die ellende waarin die Christendom van ons dag verkeer nie? Daar is ’n vormgodsdienst en innerlike vervreemding wat geen lewensverbinding met Jesus het nie. Dit is die fontein waaruit al die ellende spruit. Dit is hierdie dinge wat die verwildering op kerklike gebied aan die gang sit. Hierdie tipe skyngelowige ontstel Jesus meer as die tollenaar en die heiden.

“Broers en Susters, in watter verhouding staan u met Jesus? Onthou: ‘... julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.’ (1 Petr 2:9)

“Mense kyk jou verbaas aan as jy vir hulle probeer sê dat hulle, net soos die predikant, ’n roeping en taak het om die Evangelie te verkondig. Dit is amper asof hulle wil sê: dit lê buite hulle bevoegdheid.

“Alhoewel die wyse maagde ook vaak geword en aan die slaap geraak het, het Jesus hulle nie daarvoor veroordeel nie. Die Kerk van Jesus Christus het nog sy menslike karakter en behoeftes. Jesus wys daarop dat die wyse maagde, al het hulle vir ’n wyle geslaap, nogtans voorsorg getref het, sodat hulle lampe brandend kon wees vir die naderende koms van die Bruidegom. Ondanks hulle menslikheid was hulle nog deur die Heilige Gees in die regte verhouding met Hom verenig.

“Waarvoor was hulle gereed? Jesus leer sy toehoorders met hierdie gelykenis om in die regte verhouding met Hom te lewe. ’n Regte verhouding wat daaruit bestaan dat mense Jesus Christus en sy Woord sal ontvang en hulle lewens daarop sal bou. Dit is mense wie se lewens met Jesus Christus verbind is soos die rank aan die wingerdstok. Jakobus sê: Dit is mense wat uit die Woord lewe en wie se ganse lewe daardeur beheer word. Hulle is nie net hoorders van die Woord nie, maar ook daders. Dit is wat Jesus Christus ons wil leer deur die gelykenis van die vyf wyse maagde. Dit herinner ons aan die woorde van Calvyn: ‘Solank daar ’n skeiding tussen Christus en ons is, is alles wat Hy gely en volbring het vir die redding van die mensdom, vir ons tevergeefs.’

“Die vyf wyse maagde se verhouding met Jesus Christus is nie uitwendige skyn nie. O nee, hulle het die olie, die Heilige Gees van God, wat hulle ’n lewende

geloof skenk. Jesus Christus woon in hulle deur die Heilige Gees en só is Jesus Christus se koninkryk in hulle herstel. Daarom staan hulle hele lewe in die teken van afwagting op sy koms.

“Hierdie verhouding kom van God as ’n gawe en dit eis wedergeboorte en bekering. Sonder innerlike vernuwing is daar geen verbindende aandeel in Jesus Christus nie.

“Hoekom is daar so baie binne die kerk van Jesus Christus wat agter raak en nie eendag sal kan ingaan nie? Dit is omdat hulle die geestelike eise van God se koninkryk minag en weier. Die moderne mens wil van wedergeboorte en bekering niks weet nie. Hulle is bó sulke dinge verhewe. Só word die kerk dikwels gedwing om ’n massagodsdiens te aanvaar met ’n uitwendige, oppervlakkige verhouding met Jesus Christus. Só neem die dwase binne die kerk van Jesus Christus daaglik toe en bring nuwe eise aan ons getuie en bediening.

“Die mensdom hou nie rekening met die feit dat daar ’n dag en uur gaan kom wanneer Jesus Christus weer op die wolke sal verskyn nie. Terwyl hulle om middernag vas sal slaap, sal daar ’n geroep uitgaan: Daar kom die Bruidegom! Dit voorspel God se Woord oor en oor. Paulus skryf: ‘... want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos ’n dief in die nag.’ (1 Thes 5: 2) Die Skrif kan nie duideliker en nadrukliker wees as dit nie.

“Tog is daar spotters wat vra: Waar is die belofte en sy wederkoms?

“Hierop antwoord die Apostel: ‘Die Here verdraag nie die belofte soos sommige dit verdrag ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Maar die dag van die Here sal kom soos ’n dief in die nag’. (2 Petr 3:9-10)

“God se Woord sê dat almal dié dag sal belewe: ‘Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.’ (2 Kor 5:10) Met ander woorde, ons sal ná hierdie lewe voor Jesus Christus staan by sy wederkoms.

“Wil u weet hoe dit in daardie uur sal wees? Jesus sê vir ons. Dit sal wees soos mense wat uit hulle slaap wakker geskud word. Dit is geen wonder nie dat Jesus Christus se vyande en goddeloses sal uitroep: ‘Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot

dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?’
(Openb 6:16-17)

“Hierdie mense is sulke vreemdelinge voor God en sy Kerk dat hulle geen ander gebed sal ken nie.

“Met Jesus Christus se wederkoms, sal die wyse maagde hoor: ‘Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie’. (Rom 8:1) Diegene wat gereed is, sal ingaan en die deur sal gesluit word.

“Die dwases sal terselfdertyd van buite roep: ‘Meneer, meneer, maak vir ons oop!’ (Matt 25:11) Maar dit sal te laat wees! Ook die wyses sal hulle in hierdie uur van krisis nie kan help nie. Waarom nie? Omdat die mens jou nie kan red nie.

“Dit is slegs Jesus Christus wat red. Jesus het gesê: Ek is die Deur. Hierdie Deur het vir eeue oop gestaan. Kyk na die stroom van verminktes, tollenaars en sondaars wat deur die eeue deur hierdie Deur ingegaan en redding gevind het.

“Hierdie Deur gaan sluit met Jesus Christus se wederkoms. Genadetyd sal dan verby wees. Mense sal dan naartiglik soek, maar nie meer vind nie. Hulle sal smeek: ‘Meneer, meneer, maak vir ons oop!’ Wat ’n geroep! Maar Jesus Christus sal antwoord dat Hy hulle nie ken nie: ‘Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!’ (Matt 7:22-23) Dit sal hulle vonnis wees. Só naby en tog verlore!

“Dit is ’n ontstellende gedagte dat God se genadetyd sal verbygaan. Hou u rekening daarmee?

“Selfbedrog binne die kerk is moontlik. Is u van buite die mooiste fakkelt, maar van binne dood? Dan ken u nie vir Jesus Christus nie.

“Maar Goddank, hierdie deur is nog oop en die uitnodiging klink nog luid: ‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.’ (Matt 11:28)

“Maak nou gereed vir daardie dag. Moenie uitstel nie!

“‘Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.’ (Matt 24:42)

“Amen.”